

Ekonomieë in 'n flits

April 2022

Raming 2022:

BBP: 3.3%

Inflasie: 4.6%

Raming 2023:

BBP: 2.1%

Inflasie: 2.7%

VSA

'n Styging in die olieprys sou in die verlede slechte nuus vir die Verenigde State (VS) wees, maar dié land het een van die grootste produsente van petroleum ter wêreld geword gevvolg deur Saoedi-Arabië en Rusland. Amerikaners voel egter steeds die hoër pryse weens die oorlog tussen Rusland en Oekraïne. Met druk wat op huishoudings toeneem en 'n onlangse inversie van die opbrengskurve ('n betroubare voorspeller van 'n ekonomiese afswaai), bevraagteken ontleders of die ekonomie op 'n harde landing afstuur met die Federale Reserweraad wat rentekoerse opstoot om 'n inflasionele skok te buffer. Goldman Sachs het gevind dat sedert die Tweede Wêreldoorlog 11 uit 14 sikkels van rentekoersverhogings binne twee jaar deur 'n resessie gevolg is. Slegs agt hiervan kan egter gedeeltelik toegeskryf word aan sikkels van rentekoersstygings. Gesonde balansstate in die private sektor en inflasieverwagtings oor die langer termyn wat redelik bekamp word, voorspel egter 'n sagter landing.

Eurosone

Frankryk se president, Emmanuel Macron, het Marine Le Pen met 58.5% geklop en die eerste president in twee dekades geword om die pos vir 'n tweede termyn van vyf jaar te beklee. Met 28% van kiesers wat nie hul kruisje getrek het nie, is dit die meeste mense sedert 1969 wat verkies het om huis te bly. *Politico* voer aan dat Frankryk se kiesstelsel veroorsaak dat groot gedeeltes van die bevolking glad nie verteenwoordig word nie en skryf die apatie hieraan toe. Ongelukkigheid onder die Franse is duidelik te bespeur uit die styging in populistiese of ekstremistiese steun van minder as 50% in 2017 tot 58% van kiesers in die eerste rondte van die verkiesing. Betogings, COVID-19 en die oorlog tussen Rusland en Oekraïne het Macron se pogings gestrem

om meer pro-besigheidhervormings in te stel en integrasie met die Europese Unie in sy eerste termyn te versterk, maar 'n kiesersbasis wat al meer verskeurd raak, kan steun vir Marcon se beleide in die wiele ry.

Raming 2022:

BBP: 3.8%

Inflasie: 7.3%

Raming 2023:

BBP: 1.1%

Inflasie: 3.6%

Raming 2022:

BBP: 2.7%

Inflasie: 6.3%

Raming 2023:

BBP: 2.1%

Inflasie: 2.3%

Verenigde Koninkryk

Hoër huishoudelike rekeninge het die Verenigde Koninkryk (VK) se verbruikerssentimentvlakte skerp laat daal. Deloitte se verbruikersvolger het die skerpste daling in netto sentiment aangeteken sedert die VK die eerste keer in die eerste kwartaal van 2020 'n grenselstaat afgekondig het. Die peiling het egter polarisasie in verbruikersbesteding per inkomstegroep aangetoon met huishoudings met hoër inkomstes wat meer op vermaak en reis geld bestee het. Noodsaaklike besteding het daarenteen vir laerinkomstegroepe weens prysinflasie gestyg. 'n Tweegangekonomie kan dus vanjaar voorkom. Deloitte het opgemerk dat hoérinkomste-huishoudings 'n oneweredige aandeel in besteding sal hê, met welgestelde verbruikers wat opgehoorte spaargeld sal gebruik en voordeel sal trek uit 'n toename in huishoudelike netto welvaart. Diegene met 'n kleiner inkomste sal steeds in die nood wees, aangesien stapelgoedere 'n groter deel van hul bestebare inkomste uitmaak.

Japan

Anders as ander groot ekonomeë bly Bloomberg se mediaankonsensus vir groei in Japan vir 2022 effens hoër as die skattings wat 'n jaar gelede gedoen is. 'n Ekspansionêre fiskale beleid, huishoudelike verbruik wat herstel en verligting van druk op verskaffingskettings in die vervaardigings- en uitvoersektore behoort vanjaar die ekonomie te steun. Die oorlog tussen Rusland en Oekraïne sal nietemin 'n demper op groei plaas weens hoër kommoditeitspryse en 'n duik in groei wêrelwyd. Japan se verwagte inflasie het ook die globale tendens gefnuik. Bloomberg se mediaankonsensusverwagting stem bykans ooreen met 'n jaar gelede se ramings en is net effens hoër as die Bank van Japan se prysstabiliteitsteiken van 2%. Na ons mening sal die uiters los monetêre beleid en kwantitatiewe en kwalitatiewe verslapping in die afsienbare toekoms in plek bly.

Raming 2022:

BBP: 2.2%

Inflasie: 1.4%

Raming 2023:

BBP: 1.6%

Inflasie: 1%

China

Raming 2022:
BBP: 4.6%
Inflasie: 2.2%

Raming 2023:
BBP: 5.1%
Inflasie: 2.1%

Ontluikende markte

Die IMF het gemaan dat sentrale banke in ontluikende markte al voor die oorlog tussen Rusland en Oekraïne onder druk was om hul monetêre beleid vroeër te verskerp. Oorlogverwante verskaffingstekorte en

hernude druk op globale verskaffingskettings na die inperkings in China, sal dié druk verskerp met voedsel- en energielaste wat feller word. Hoewel die uitvloei van kapitaal uit ontluikende markte vroeg in Maart 2022 van dieselfde skaal en omvang was vergeleke met dié tydens die uitbreking van COVID-19, is die tempo bestendig. Die IMF se Globale Finansiële Verslag vir April 2022 lig nietemin die gevare vir OM'e uit wat gestel word deur 'n versnelde pas van die verskerping van globale monetêre beleid en 'n aggressiewer herprysing in finansiële markte. Die IMF se Fiscale Monitor vir April 2022 toon dat die verhouding tussen skuld en BBP vir die mediaan middelinkomste-ekonomie van OM'e met 60% gegroei het van die 40% in die afnametyldeur in 2013 en dus is OM'e meer kwesbaar vir stygings in rentekoerse.

Raming 2022:
BBP: 1.8%
Inflasie: 5.7%

Raming 2023:
BBP: 1.8%
Inflasie: 4.5%

Projek44, 'n volger van die verskaffingskettingkrisis, berig dat skeepshouers wat in Sjanghai aankom meer as 'n week lank wag (163% langer vergeleke met Maart 2022) om vir hul binnelandse bestemmings opgelai te word. Meer as 90% van vragmotors ry nie weens COVID-19-beperkings, wat tot die langer wagtye bydra. Ten spye van groeiende ekonomiese skade en die ontwrigting van verskaffingskettings wêreldwyd, hou China se regering voet by stuk oor sy zero-COVID-beleid. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) reken dit is nie 'n opsie om goedere terug te stuur nie. Groot vervangbaarheid van insetverkryging eerder as die terugstuur van goedere kan die verlies van bruto binnelandse produk (BBP) gemiddeld halveer na 'n skok vir 'n groot globale verskaffer of tussentydse insette (as 'n elastisiteit van vervanging van 0.5 gebruik word) en dit kan ook die onbestendigheid van BBP met 5% verminder.

Raming 2022:

BBP: 4.1%
Inflasie: 5.4%

Raming 2023:
BBP: 4.6%
Inflasie: 4.2%

Suid-Afrika

OM'e het 'n moeilike tweede helfte van die maand beleef weens swakker globale groeivoorsigte vir 2022 en 2023 deur die Wêreldbanks en die IMF. Die multilaterale agentskappe het hul verwagtings afgeskaal na die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, strenger inperkings in China en valkagtige retoriek van belangrike sentrale banke. Kommoditeitsverwante geldeenheide, waaronder die Suid-Afrikaanse rand, die Colombiaanse peso, die Chileense peso en die Brasiliaanse real het die meeste in die tweede helfte van April 2022 geval na 'n daling van 7% in die Bloomberg Kommoditeitsprysindeks. Die val van die rand kan ook toegeskryf word aan die verwoestende vloede in dele van KwaZulu-Natal en meer beurtkrag. Swaar reën het kritieke infrastruktuur en talle hektaar landbougrond in die provinsie beskadig met owerhede wat nog die koste van die skade beraam. SA is vandeesdaan verder getref deur onbeskikbare kragopwekkingskapasiteit wat bykans dieselfde as die vlak van beskikbare opwekkingskapasiteit was. Nedbank raam dat vlak een-beurtkrag (1 000 megawatts) vir die res van die jaar BBP-groei met 0.4% kan verminder. April 2022 se Reuters Ekonometer wys dat die mediaankonsensusvoorspelling vir die tweede kwartaal die BBP tot 1.6% van 1.9% 'n maand vroeër afgegradeer het. Kerninflasieramings is met 0.2% vir 2022 tot 5.7% aangepas en 'n versigtiger standpunt is ingeneem oor die geskakte repokoers, wat nou na verwagting op 5% (6.25%) einde vanjaar (2024) te staan gaan kom vergeleke met die vorige skatting van 4.75% (5.75%).

Die makro-navorsingsspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonom, Sanisha Packirisamy, is verantwoordelik vir die makroraamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerde, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborgte van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konneksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomsdig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

Indekse vir April 2022

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
Aandele-indekse									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	-3.66%	-0.81%	13.17%	11.26%	9.36%	9.78%	8.88%	7.60%	11.22%
FTSE/JSE Aandeelhouersgeweegde-indeks (Swix)	-3.95%	-0.77%	8.83%	7.15%	5.77%	6.55%	6.19%	5.23%	10.00%
FTSE/JSE Bobeperkte Swix-indeks	-3.95%	0.11%	14.75%	8.65%	5.97%	6.49%	5.86%	5.00%	9.83%
FTSE/JSE Top 40-indeks	-4.02%	-1.67%	12.14%	11.66%	9.95%	10.42%	9.34%	7.84%	11.41%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	-2.51%	4.68%	19.98%	8.03%	4.73%	5.14%	4.68%	4.68%	8.83%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	2.28%	7.79%	32.23%	16.93%	8.45%	6.92%	6.49%	6.36%	11.26%
FTSE/JSE Hulpbronindeks	-4.82%	9.32%	22.77%	26.47%	26.75%	25.38%	21.31%	13.96%	9.23%
FTSE/JSE Finansiële-indeks	-6.13%	9.08%	38.87%	3.69%	2.03%	4.90%	4.41%	3.01%	9.94%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	-1.73%	-12.93%	-3.25%	4.78%	2.92%	3.47%	3.92%	3.86%	10.80%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse									
40-indeks (Rafi)	-3.30%	3.50%	30.82%	13.53%	11.33%	12.23%	11.03%	9.14%	11.40%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi	-3.44%	3.62%	29.22%	13.12%	10.82%	11.71%	10.64%	8.74%	11.06%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)	-1.41%	0.20%	12.16%	-5.26%	-6.37%	-5.22%	-4.37%	-2.87%	4.55%
FTSE/JSE Alle-eiendomsindeks (Alpi)	-1.46%	-0.17%	11.58%	-5.81%	-7.35%	-6.24%	-5.82%	-4.11%	4.01%
Rentedraende-indekse									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	-1.67%	-0.69%	8.43%	7.56%	6.90%	8.24%	8.63%	7.62%	7.77%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	0.43%	1.51%	4.57%	7.33%	7.80%	7.95%	8.19%	7.91%	7.35%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)	1.97%	3.37%	11.66%	6.59%	5.58%	5.13%	4.47%	4.66%	6.17%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.36%	1.05%	4.01%	5.15%	5.68%	6.03%	6.29%	6.35%	6.12%
Kommoditeite									
NewGold Beursverhandelde Fonds	6.85%	8.57%	17.64%	17.69%	16.17%	11.83%	8.29%	11.11%	8.58%
Goudprys (in rand)	7.58%	9.22%	19.32%	18.20%	16.69%	12.49%	8.84%	11.68%	9.02%
Platinum Beursverhandelde Fonds	3.70%	-5.63%	-15.78%	4.97%	6.66%	2.89%	-0.69%	0.89%	
Platinumprys (in rand)	2.44%	-5.25%	-14.73%	4.96%	7.09%	3.32%	-0.54%	1.41%	0.41%
Wisselkoersbewegings									
Rand/euro bewegings	2.61%	-3.72%	-4.41%	1.29%	2.57%	2.75%	0.46%	3.20%	4.99%
Rand/dollar bewegings	8.20%	2.11%	9.08%	3.35%	6.11%	3.41%	1.84%	4.09%	7.40%
Inflasie-indeks									
Verbruikersprysindeks (VPI)				5.93%	4.42%	4.45%	4.32%	4.62%	4.85%
									5.00%

Important notes

1. Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
2. Returns for periods exceeding one year are annualised.
3. The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
4. The MSCI World Index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
5. FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
6. The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
7. Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
8. The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
9. Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.